

Kategeet werkblad: 25 Julie 2010

Teksgedeelte:

Miga 7:8-20

Agtergrond:

Geskiedenis

Die profesie word gebring aan Israel in die tyd nadat koning Hosea betrap is dat hy die ooreenkoms met Assirië verbreek het. Hierdie ooreenkoms is in die Naam van die HERE afgelê en dit bring die eer van die God van Israel in gedrang.

Die profesie is in die vorm van 'n klaaglied. Die mense van Israel is in wanhoop omdat hulle die oorlog met Assirië verloor het (verse 11-13). Miga preek vir hulle met die hoop op God alleen (vs 7).

Doel

Die profesie is 'n liturgie (elemente in erediens). Die liturgie is 'n klaaglied. Die doel is om die mense in Israel te oortuig dat dit die regte tyd is om hul lot te bekla, om hul magteloosheid/sonde te bely en om geduldig die gevolge van hul optrede (straf) te aanvaar. Miga beskryf die “wag” van vers 7 met verse 8-20.

Uitleg

Vers 8: Die hele liturgie word in hierdie vers saamgevat: die HERE sal herstel bring, al het 'n ramp Israel getref. Die profeet is saam met die HERE 'n span teen die vyande wat die ramp gebring het. Omdat die volk deelneem aan die liturgie, kan hulle nooit passief bly by dit wat die profeet vir hulle wil sê nie. Die noue verband tussen die HERE en die profeet en die vyand word in die volgende verse uitgespel.

Vers 9: Hoe kan die volk oortuig word om passief (te wag) te bly in die moeilike omstandighede? Wanneer die volk hul skuld teenoor die HERE bely en bly vertrou dat die HERE vir hulle herstel sal bring. Die profeet gebruik hy die volk se begeerte om wraak op hul vyand deur die volk uit te nooi om hul skuld te bely. Hulle sal die ongedrag en straf op hul vyande sien, wanneer hulle die HERE toelaat om reg te laat geskied deur sy regverdige optrede. Die volk moet bereid wees om te wag op die HERE.

Vers 15: In vers 15 praat Miga weer namens God. Die HERE belowe nou wat in 9-10 genoem is. Hy herinner die volk weer aan hoe Hy getrou was met die uittoeg uit Egipte. Die HERE het reeds in die volk se geskiedenis namens hulle opgetree. Hy tree met gesag op en die volk kan op Hom vertrou. Sy optrede sal konkreet wees.

Vers 16: Die optrede van die HERE sal die vyand ook raak. Hulle sal dit konkreet waarneem en dit sal 'n drastiese effek op hulle hê. Verder is die optrede so duidelik dat die realiteit en die krag van God duidelik sigbaar sal wees. Die HERE kan vertrou word.

Vers 17: Hiermee beskryf Miga die effek van God se optrede op die vyande van sy volk. Weer moet die volk hoor dat hulle hulpeloos is en God is magtig. Die “wonders” van vers 16 word hier duidelik omskryf soos die HERE dit vir hulle gedoen het met die uittoeg uit Egipte. Daarom kan die HERE vertrou word.

NB. Moet asb nie die klassieke allegorie tref met die Verkeerslig se kleur ligte van Stop-Wag-Gaan ten opsigte van gebed nie. Gebruik eerder dat God by ons is al gaan dit swaar en dat God te midde van die swaarkry ons kan leer om selfs nader aan Hom te beweeg en vir ons dalk 'n ander uitkoms bied as wat ons verwag het.

Aksie:

Die groep speel "Stuck-in-the-mud":

1. Kies 'n oop ruimte op kerkerrein om te speel.
2. Kies wie is aan (een of twee persone kan aan wees), deur "Inki-pinki-ponki" te speel of "ching-chong-cha" of iets soortgelyks.
3. Die persone wat aan is, jaag die ander rond om hulle te "touch", as dit gebeur is hulle *stuck in the mud*.
4. Mense wat *stuck in the mud* is, moet staan met hulle bene en hande uitgesprei.
5. Die ander wat nog kan rond hardloop moet onder-deur die kinders wat *stuck in the mud* is se bene kruip om hulle vry te kry.
6. Die laaste persoon wat vry kan rondhardloop is die wenner.

Om seker te gaan maak hoe die speletjie gespeel moet word, gaan kyk na:

 <http://www.videojug.com/film/how-to-play-stuck-in-the-mud>

Reviewing:

Diamant vrae:

- Hoe sal jy aan 'n vriend/vriendin verduidelik hoe werk die speletjie *Stuck in the mud*?
- Is daar enige verrassings wat in die speletjie gebeur het?
- Wat was moeilik of maklik van die speletjie?

Hart vrae:

- Hoe het dit gevoel om weg te hardloop van die maat wat jou gejaag het?
- Hoe het dit gevoel om vas te sit en nie te kon beweeg nie?
- Hoe het dit gevoel om los te kom of om iemand los te maak?

Skoppens vrae:

- Vertel aan die groep of aan 'n vriend van 'n keer toe dit vir jou gevoel het asof jy so vas gesit het?
- Hoe het jy vryekom toe jy vasgesit het?
- Wat het veroorsaak dat die mense waarvan Miga vertel het vas gesit het?
- Hoe het dit vir die volk/Israel gevoel om te moet wag op die Here?

Klawers vrae:

- Wat kan jy volgende keer doen as dit met jou of met iemand naby aan jou swaar gaan, om te onthou dat God in beheer is?
- Beteken om te wag op God dat ons niks vir onself kan/mag doen nie?